Sondag 28 Junie
Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 15:35-38
Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 15:42-43
Koringkorrel

Ons oë bly mekaar met saamloop-deernis vashou. Woordloos. Wil nie laat los nie. Haar liggaam is swak. Uitgeteer. Asem vlak. Kanker. Verganklik.

Ons herken in mekaar se oë wat die Gees in ons fluister. Die afgelope maande het ons sáám hierdie Stem helder leer hoor. En nou wéét ons. Hierdie moment is die laaste keer wat ons mekaar hier sal sien. Volgende keer sien ons mekaar met nuwe, heel liggame voor God se troon. Nie een wil iets sê nie. Elkeen weet wat ons die Stem hoor sê.

Eindelik laat ons oë mekaar onwillig vry. Ek stap hartseer-bly uit die kamer, ry terug huis toe. Jesus lééf!

Onder die grond voel die koringkorrel die weer word sag. Lewende water week die koringkorrel se dop. Diep voel die kiem 'n prikkeling. Dis tyd.

Dit neem drie dae vir Die Koringkorrel om op te staan. Selfde liggaam, tog ánders. Nie herkenbaar nie, en tog wel. "Raboeni!" "Het ons harte nie warm gevoel toe Hy met ons gepraat het nie!" Mure hou Hom nie buite nie. "Vrede vir julle." 'n Vinger druk skepties-verwonderd aan die spykerwonde. Dié Koringkorrel bring 'n groot oes in.

Grafte gaan oop. Op bevel gee die see die dooies terug. Vuur ook. Kanker … Die skare voor die troon dein soos die see. Feesklere, lang wit stolas. Tafels is gedek vir die feesmaal van die Lam.

Ek en sy knipoog in die verbygaan vir mekaar. "Kyk my nuwe, heel liggaam! Dié een word nie oud nie. Nie swak nie. Nie siek nie. Onverganklik. Hemels!" Maar daar is iets groter om te doen as om met ons nuwe liggame te spog. Die voorsangers en trompette sit die loflied in:

"Aan Hom wat op die troon sit,
en aan die Lam,
behoort die lof en die eer,
die heerlikheid en die krag,
tot in alle ewigheid." (Op. 5:13)

*Sing: Skrifberyming 18-1*

*Ds. JP (Johan) Fleischmann (Kaapstad)*